

MARIETA CAWOOD

Datum: 29 Maart 2010
Plek Vrystaat Universiteit
Vraagsteller V1 Lize-Marie van der Watt | Geskiedenis Departement | Stellenbosch Universiteit
Vraagsteller V2 Dora Scott | Antarktiese Navorsingsprojek | C·I·B | Stellenbosch Universiteit
Antwoordsteller A Marieta Cawood | Plantkundige | Marion 43 | 1986 | 1 van eerste 2 vrouelede

- V1:** Die eerste vraag wat ek nou maar altyd vra, is hoe het dit gekom dat jy Marioneiland toe is?
- A:** Dit was maar deels Mariana. Ons het al twee plantkunde *geswot* daai tyd en sy't gewerk by Prof. (Johan) Grobbelaar. Julle was seker al by hom ook? Toe het hy 'n projek op water, man toe ons ons honneurs doen moes jy rigtings kies – plantfisiologie en limnologie en *whatever* als. Toe't sy limnologie gaan doen; ek het plantfisiologie *geswot*. En toe het die geleentheid opgekom dat hy weer vir 'n oorname kan teruggaan en net gaan kyk na daai varswatermeertjies of hoe lyk dit nog binne-in die meertjies: lyk dit nog dieselfde, is die of het dit nou besoedel geraak, of wat ook al. Toe't hy assistente gesoek.
- V1:** Was dit in '85?
- A:** Ja, dit was in '85; Maart, April '85.
- V1:** Die oorname?
- A:** Ja. En dit was vir my 'n ... Jinne, ek wou baie graag gaan. Dis mos 'n geleentheid! Nie enige een kon soontoe gaan nie en ek was baie nuuskierig hoe lyk dit daar. Toe gaan ons vir die oorname en dit was vir my baie lekker; het dit baie geniet. Dit was vir my pragtig daar. Alhoewel, die weer is mos nou nie so vreeslik lekker nie, maar dit is baie mooi. En toe kom ons terug en toe het sy na dit aangegaan met haar M. Toe't sy aangegaan met haar PhD. Want toe wou sy werk op die invloed van Jy weet, sy't na verskillende plekke gekyk ... Maar sy kan daai storie vir julle vertel. Maar in elk geval, toe't sy haar PhD gedoen by Valdon Smith, met wie sy nou getroud is. Toe't hy gesê, maar daar gaan nou 'n geleentheid kom vir vrouens om te gaan, en sal sy haar PhD dalk daar wil gaan doen? Maar dan sal sy iemand ... Daar moet nog 'n ander vrou saamgaan. En ons was al die jare vriende, en sy weet nou ek sal... Ek's mal genoeg om te wil gaan. Toe sê ek, nee, dis reg, ek sal gaan, maar ek wil nie haar assistent wees nie; ek wil my eie projek hê. En so het dit toe nou maar gekom dat ek ook gegaan het.
- V1:** Maar watter projek het jy toe gedoen?
- A:** Ek het toe nou meer in 'n plantfisiologierigting gewerk. Ek het op die mosse en ligene gewerk, na hulle fotosintese en respirasietempo's.
- V1:** So die geleentheid dat vroue kon gaan, was reeds daar gewees?
- A:** Weet jy, dit moet jy by haar presies uitvind. Valdon het net na haar toe gekom en gesê hulle wil nou kyk hoe dit sal gaan as hulle nou vrouens eiland toe stuur.

- V1:** So daar was van die begin af 'n bewustheid gewees daarvan dat julle gaan nou as die eerste vrouens?
- A:** Eerste vrouens? Ja, daar het altyd net mans gegaan. Maar vir die oornames was daar altyd ... Daar's baie vrouens wat al gegaan het, maar nog nooit oorwinter het nie.
- V1:** Het Christine Hanel se oorwintering daar as 'n skipbreukeling-satus dalk iets gedoen gehad daarmee dat hulle gedink het ... ?
- A:** Nee, ek weet nie; ek weet nie. Ek weet maar vrek min van hoe die geskiedenis voor dié tyd. En toe het ek ook toe ... Hy't net vir my gesê – want ek was toe klaar met my honneurs, toe't ek gewerk by plantkunde by – hy was toe nog Dr. Frikkie Botha ... Prof. Small ... Toe sê Valdon vir my, maar wel, as ek nou nie haar assistent wil wees nie, moet ek 'n Mhê om te gaan. En dit is die einde '86 ... Maar wanneer het ons nou gegaan?
- V1:** Jy't '86 gegaan.
- A:** Het ons '86 gegaan? Oukei, dit was die einde '85 wat hy gesê het dan moet ek my M(Sc) hê. Toe sê ek wel oukei, dan sal ek dit nou maar moet doen. Toe vaar ek daai Januarie weg en ek werk soos 'n mal mens, en die Augustus, toe ons hier op die ou skippie nog afgaan, het nog my laaste veranderinge gedoen. Heeltemal klaar.
- V1:** Waaroor het die Mtoe gegaan?
- A:** Dit is oor plantfisiologie en biochemie; oor ensieme.
- V1:** Sjoë, dis nogal bewonderingswaardig!
- A:** Maar ek het toe nou my eie projek gehad op Marion. Ek moes haar maar baie help. Sy't baie veldwerk gehad en jy kan nie alleen gaan stap daar op die eiland nie, soos julle seker al gehoor het. Dan het ek nou baie keer met die graaf saamgegaan en gespit daar op haar *sites*. Maar my werk was baie lekker. Dit was meer in die laboratorium, met die infrarooi-gasanaliseerder was, moes koolstofdiodsiedvlakke meet. Dan het ek nou maar gekyk by die mosse. Daar hulle op verskillende plekke op die eiland uitgehaal en dan in hierdie *tube* gesit en verskillende golflengtes lig opgesit en gekyk hoe fotosinteer hulle en wat is die respirasie.
- V1:** Hoeveel maande was julle daar gewees?
- A:** Ons was dertien maande.
- V1:** Dertien maande? So dit was alreeds meer as een semester oorwintering wat die wetenskaplikes gehad het.
- A:** Ons het die Augustus gegaan en ons het die volgende jaar September teruggekom van die eiland af.
- V1:** En watter voorbereiding het julle as span gehad?

- A:** Daar het ook nie vreeslik deelgeneem aan die span se aktiwiteite nie. Hulle gaan mos vir kook, maar ek het nie tyd gehad toe ek nou my M gedoen het nie. Ek het maar net die kookboek gekry en gesê, goed, ek kan kos maak. Ek het nie voor die tyd vreeslik met die span te doen gehad nie.
- V1:** En Mariana, sý aan die kooklesse ?
- A:** Sy het dié goed gedoen, alles. Ons is wel hier op, Pretoria toe, vir al daai verskriklike toetse – sielkundige en ...
- V1:** Vertel bietjie oor die toetse. Wat het hulle gevra? Wat het hulle gedoen?
- A:** Weet jy ... Dink jy ek moet nou daai goed onthou! Ek kan nie onthou nie! Ek dink hulle vra jou nou maar net al daai: hoekom wil jy gaan en ?
- V2:** Het hulle vir julle spesifiek vrae gevra oor die feit dat julle nou 'n ander geslag is?
- A:** Ja, hulle het spesifiek ... Hulle het baie daarop gehamer.
- V2:** En fisiek?
- A:** En hulle het ook baie op dit ge... Wel, daar is... Jy kan nie sê jy's 'n vrou, "ek kan nou nie die blikkieskamer skoonmaak nie". Jy kan dit nie doen nie. Jy moet nou maar jy moet doen, en dan, as dit nou nie vir jou lekker is nie en jy kry 'n man wat nie lekker ... Dis nie vir hom lekker om brood te bak nie, dan ruil jy uit. Dan sê jy: "Right, ek sal jou brood bak. Maak jy vir my asseblief die blikkies skoon." En so het ons nou maar aangegaan.
- V1:** En die mans? Is hulle oral *gebrief*? Het jy...
- A:** Ek dink hulle sou seker gewees het, ja. Ons het nooit probleme gehad nie. Jy's mos nou nie daar om 'n man te kry of 'n gevryery op tou te sit nie. Jy's mos daar om jou werk te doen. En jy weet jy word ... Jy is nou ... Jy moet jou gedra, man! Dis dit. Jy's mos professioneel; jy's in 'n professionele beroep.
- V1:** Oukei. En toe't julle met die Aghulas gewees. Julle het met die Agulhas afgekom.
- A:** Ons het met die Agulhas gegaan.
- V1:** Hoe was dit ?
- A:** Ek word verskriklik seesiek. Daar is nie eers 'n manier nie; ek lê plat.
- V1:** En toe julle nou daar aankom? Is julle met helikopters afge(haal)?
- A:** Ons is met helikopters afgehaal, ja.
- V1:** En moes julle help met die aflaai?
- A:** Jy help met alles. Met daai kratte ... Jy help hulle op die trolletjies laai en jy help hulle stoot en jy laai af – jy doen als.
- V1:** Hoeveel vrouens was daar op die oorname saam gewees? Was daar 'n paar saam?

- A:** Met die oorname was daar ... Ons was vyf. Daar was 'n Australiër, 'n Wendy... Ek weet nie of jy vir Marthan Bester ken nie. Nou ja, hy en Wendy is getroud. Is hulle nog getorud?
- V1:** Ek dink so, ja.
- A:** Ja ... Wendy was saam... En dan was daar van Kaapstad Sue Jackson.
- V1:** O ja.
- A:** Ja, sý was daar.
- V1:** Sy't mos haar doktorsgraad gedoen op Marion.
- A:** Ja, op die voëls. Sue was daar; Wendy was daar ...
- V1:** Ek verstaan Sue kon nie oorwinter nie; hulle wou haar nie toelaat om te oorwinter nie. Kan jy dit nog onthou? Verstaan ek jou reg?
- A:** Ek weet niks daarvan nie ... Nou wie was daar nog? Ek en Mariana was daar... Magtig, ek weet nie wie was nog die ander nie, maar ek weet toe hulle ons kom haal het, daai tyd, toe was daar twee ander vrouens van die WNNR, van Pretoria –
- A:** Ja. Sy's met Justin getroud. Justin was ook op die eiland. Hulle is nou nog in Pretoria. En Susan ...
- V2:** Vosloo? Was Susan Vosloo dalk ...?
- A:** Haar van was nie Vosloo nie ... Wat was Susan se naam? Combrink. Maar sy bly nou in Mosselbaai se omgewing. Sy is daar.
- V2:** Wat was die skeepskaptein se naam? As jy dit kan onthou ...
- V1:** Kaptein McNish?
- A:** Daai was 'n ou kwaai ou man. Wat was hy ... ou Captain Leith ...
- V1:** Dan was dit Leith?
- A:** Ja, dit was Leith.
- V1:** Hoe't hy nou gevoel oor die baie vrouens op sy skip?
- A:** Hy was nie baie beïndruk met die vrouens nie, maar hy moes ons maar aanvaar het; ons was daar.
- V1:** Wie was daardie tyd Direkteur gewees van die Direkoraat vir Antartika en Eilande? Dit was toe reeds Omgewingsake, nê?
- A:** Ja, dit was Omgewingsake. Dit was ... Was dit nie Gaum nie?
- V1:** Fritz Gaum.

- A:** Maar Sam (Oosthuizen) het saam met ons afgegaan. En nog 'n ander interessantheid wat ook saamgegaan het, was die klomp van PWD, Public Works Department. Het julle hulle al gehoor? Het julle al ván hulle gehoor?!
- V1:** Ons het al van hulle gehoor, met hulle gewerk, maar hulle's moeiliker om in die hande te kry vir onderhoude, omdat hulle name nie op lyste en goeters is nie.
- A:** Ja, hulle het eenkeer, een aand op die skip, toe't ons nou ... Dis altyd 'n groot gekuier op die skip. Julle, nou's ek en Mariana daar in ons kajuit. Ons kajuite was hier in die binnekant. Dis net of die kos van die kombuis af ... dat jy kry daai koffie ... die skip se *fumes* ... En in hierdie seesiektoestand doen die nie jou baie goed nie, maar in elk geval, toe ons weer hoor, toe klop een aan die deur. Nou sê ons: "Wie's dit?" Nee, dis nou hierdie Public Works ... Ek weet nie; ek kan nie onthou ... Parker – die een ou was Parker. Dit was 'n ou, Parker, gewees en ek weet nie wie nog nie. Ons moet nou kom kuier saam met hulle. Ek sê nee, uh-huh, ek's siek. Ek wil nie uitgaan nie. Nou sit hulle daar so , die deur het sulke hortjies daar onder gehad. Nou sing hulle vir ons daar. Nou weet ek nie hoe op aarde het dit in daai gang gelyk met dié twee wat nou daar onder sit en deur daai gaatjies sing nie! Ek sê nee, ek maak hierdie deur vir geen geld in die wêreld oop nie hy bly toe!
- V1:** Wel ek dink hulle's ook mense wat elke jaar met oornames gaan en dat dit dan natuurlik ook 'n 'nuutjie' was, as ons dit nou maar so kan noem, dat hulle vrouens afvat vir die span. Nou, op die basis self, was daar toe nou vir julle 'n spesiale badkamer gegee, of ... ?
- A:** Ons het ons eie badkamer gehad, wat nou ... Dit was 'n toilet en 'n stort. Dis dit, ja. Ons was baie bly dat ons ons eie badkamer gehad het. Maar ons het ons eie kamers gehad aan die punt van die gang. Maar hy was mos 'n nuwe deel. Ja, op die end van die gang, het Mariana se kamer daai kant en myne hierdie kant gewees. Maar jy't beurte gekry om als te doen – toilets skoongemaak, *the works*.
- V1:** Daar's nie van julle verwag om meer kos te maak as die res nie?
- A:** Nee wat, nee wat. Almal het maar dieselfde ... jy's oor dieselfde kam geskeer.
- V1:** Oukei. Maar in terme van die wetenskap – wat het jy gedoen op 'n daaglikse vlak?
- A:** Ons het.. Kyk party ... Die klomp weerkundiges doen mos maar deur die nag, maar ons het ons roetine gehad.
- V1:** En dit was?
- A:** Die gewone. Jy staan in die oggende op, dan gaan stort jy maar of gaan maak jy koffie, en dan gaan stort jy en trek aan. Lekker gewees om daar klere aan te trek – sommer net die eerste beste ou goed wat jy kan kry, pluk jy aan en daar gaan jy! En dan het ons maar laboratorium toe gegaan en gekyk – as Mariana nou uitgaan na haar *sites* toe, kyk jy natuurlik hoe lyk die weer. En dan het ons óf uitgegaan na goed toe, óf maar in die laboratorium gewerk. En as ons gewerk het ... dit is lekker, want jy ... dis ... jy stap mos maar na die plek toe al daardie tyd. Jy werk tot

laat in die aand, of net soos jy wil. Partykere, dan is jy nou moeg, dan hou jy op. Dan werk jy nou maar net die volgende dag weer in.

V1: En die veldwerk: het julle oornag soms, of om die eiland gestap?

A: Ons hét om die eiland gestap. Ons het twee kere pogings aangewend om om die eiland te stap. Die een keer het ons omgegaan;, die ander keer het ons net gevorder tot by ... Wat is daai plek? Ons kon Water Tunnel nie kry nie ... Jis, ons is vyf gewees ... Kyk, ons was saam met twee spanne daar ... Wag ... Ja, Grey-headed Albatross ridge ... Ons is saam met twee spanne daar. Die eerste span was die somer-lot, want ons het Augustus daar aangekom. Toe's ons saam met die somerspan daar, wat nou al reeds van Maartmaand af op die eiland was.

V1: Ek sien.

A: Oukei. Toe gaan ons deur saam met hulle en onder hulle was ook die klomp wat die eerste keer ... dit was die eerste jaar dat die kat, klomp die katte geskiet het.

V1: Ja, ek sal nou-nou bietjie meer wil hoor oor die katjagters. Hulle klink na 'n interessante klomp mense.

A: Ja, hulle was 'n wilde lot gewees. Maar in elk geval, ons is die eerste keer saam met hulle lot daar. En toe Maartmaand, toe's hulle terug en toe't die nuwe span gekom. Toe's ons nou weer die twee 'oues' op die eiland en die nuwe span ...

V1: En die nuwe span, het dit nuwe meteoroloë ingesluit, nuwe wetenskaplikes?

A: Ja, dit is ... Die somer was die katte daar. Toe was ons een-en-twintig op die eiland. Dit was nie vir my lekker nie; ons was te veel. En toe, die winter, was ons net nege of tien.

V1: Toe was daar nie katjagters nie?

A: Daar was nie katjagters toe nie.

V1: Hulle het net in die somer gekom en in die winter was dit ... Julle was die enigste wetenskaplikes, of was daar nog ander wetenskaplikes gewees?

A: Ja, daar was Jan Crafford. Maar Jan het ook gekom eers met die tweede groep.

V1: Met die wintergroep?

A: Ja. Hy's 'n entomoloog. Hy en Steve Chown. Maar Steve was, Steve daar...? O, hel, ek kan dit nie eers onthou nie ... Maar Steve was daar.

V1: Het Jan en Steve gekom in die winterspan?

A: (Ja.)

V1: Ja, want Steve was daai tyd gewees op Marion.

A: Ek weet nie of Steve ... Was hy nou 'n jaar daar?

V1: Hy is, julle was terselfertyd op die eiland gewees vir 'n ruk.

- A:** Ja, ons was dieselfde tyd daar.
- V1:** Ja. En hoe was dit toe hierdie spul katjagters nou weg is en julle is 'n kleiner span?
- A:** Salig, wonderlik, fantasties, heerlik.
- V1:** Het dit die span dinamiek goed gedoen?
- A:** Kyk, dit was nou 'n nuwe span gewees. Toe was - maar ek - daai klomp mense is nie vir my lekker nie.
- V1:** Was julle dan die enigste twee mense gewees wat so half die *continuity* daar gesit het? Was julle die enigste twee mense wat agtergebly het?
- A:** Agtergebly het toe die katjagters weg was, ja. Ja, toe was ons die enigste twee wat agtergebly het.
- V1:** O, so julle was dié mense wat voortgegaan het. En het mense julle bietjie raad gevra oor hoe om die eiland te hanteer? Of moes julle so half bietjie leiding gee, want julle was nou al daar?
- A:** Ja wat, ons en hulle het maar net so ingeval. Daar was nie juis vreeslik ...
- V1:** Miskien net die skivvy rooster verduidelik?
- A:** Ja. Ons het ... Ons het wel saam met ... Ons het daai eenkeer saam met die nuwe span – en dit was in die win(ter) ... Was dit nou in die winter? Dit was Gary-hulle ... Ons was saam met Gary ... Nee, dit was saam met die ou klomp wat ons probeer het om om die eiland te stap, toe het dit verskriklik gesneeu. Die sneeu het só dik gelê; jy val so in.
- V1:** Maar as dit saam met die eerste span was dan moes dit nog in die somer gewees het, laatsomer?
- A:** Ja, dit sneeu. Dit is maar snaakse weer op daai plek. Maar toe't ons net gevorder tot Trypot. Toe't Mariana ou Archie ... Nee-a ... Nee, ons het glad nie; Archie was die eerste lot ... Dit was die tweede klomp wat ons daai poging aangewend het. Kyk, die eerste keer was ou Archie die leier. Archie – wat is sy van?
- V1:** Ek kan kyk. Ons sal sy naam kry.
- A:** Archie ... En ou grootbaard-André was die radiotegnikus en John was die diesel-ou en [Dienies] was ook onder die weerkundiges ... Adriaan – hy's glo in die Kaap nou nog. Ken julle hom? Baie *weird* ou. En in die nuwe span was dit Gary – was die *medic*, en André ... Ander André was die leier.
- V2:** So daar's niemand wat van die somer, van die een span af oorgebly het nie?
- V1:** Behalwe julle twee?
- A:** Nee, hulle het almal teruggegaan.
- V1:** Maar met die tweede poging, hoekom het julle dan nie omgekom nie?

- A:** Daar's .. toe's dit daai sneeu. Toe gaan ons net tot op Trypot, daai eerste hut, Kildalkey.
- V1:** Kildalkey, ja.
- A:** Toe het Mariana en André teruggekom en ek en Gary, die *medic*, en ou Hennie Barwise ... Ken julle nou vir Hennie al?
- V1:** Nee. Wat is sy regte naam?
- A:** Dis rêrig Hennie Barwise: B-A-R-W-I-S-E.
- V1:** Barwise – oulike naam.
- A:** So 'n lang ou. Gary was kort. Hier gaan ek – ons drie sous aan. Ons wil nou óm. Mense, nou vlieg ons daar weg. Ek kan nie onthou watse dag het ons begin nie, maar vroeg daai oggend ... Mariana en André is terug, en ons drie gaat voort. Nou loop ons. Nou's dit 'n lekker ou stap, stap, stap. Nou sê ons naderhand, dink ons, maar ons moet nou daai Water Tunnel-hut kry, want dis, dit raak nou al middag. Maar ons kry nie daai ding nie! Daar sê ek vir Gary: "Nou't ons die kaart." Toe sê ek: "Ja, nou's Hennie moeg." Julle, want dit het gesneeu. Dit het dik gelê, maar dit was sagte sneeu. Jy loop baie moeilik - ja, jy val baie in dit in. Nou's Hennie moeg ...
- V1:** Dit sneeu en 'mire'. Dit moet 'n aaklige kombinasie wees.
- A:** Ja. Nou's Hennie flou, hy sit. Nou sê ek: "Sit jy hier. Ek gaan nou af ondertoe; Gary gaan op boontoe. Ons soek hierdie hut. Jinne, nou kom ons terug, nou kry ons nie een hierdie hut nie. Nou sê ons: "Wel, dit raak nou laat. Ons moet nou maar loop." Julle, en daai Santa Rosa, daai valleij, ons is daardeur in die nag, tot ons by Water Tunnel uitgekóm het. Ons het daai aand elfuur of halftwaalf daai nag ... Ons het twaalf ure aanmekaar ...
- V1:** Dit was sonder Pretzl-kopliggies.
- A:** Ja, ons het niks gehad nie. Ons het ... of jy hét – ons het altyd 'n liggie, maar dis nou nie *grand* liggies gewees nie. Maar ek weet nie hoe het ons dit gemaak nie. Ons het net vir ou Hennie tjoklits gevoer dat hy kan aan die lewe bly en bly stap saam met ons, want naderhand gaan sit hy, dan sê hy maar hy kan nou nie meer nie. Nee ons gaan vrek as ons hier bly; ons moet loop! Toe's ons by daai hut by Greyheaded Albatross Ridge. Toe is die weer goor. Toe kan ons nie aangaan nie. Ons het vir drie dae in daai hut gesit dat ons nie kon beweeg nie. Dit was verskriklik.
- V1:** Nou wat doen 'n mens as jy drie dae vassit in daai hut?
- A:** Jy sit in daai ou plek!
- V1:** Was daar nie boeke nie ... niks?
- A:** Ja, ja. Jy't darem tyd(skrifte) ... Jy't vir jou boeke saamgevat en jy slaap maar en jy gesels maar – praat nonsens. Jy gaan aan. En die derde ... Dit was die vierde dag, of die derde dag, toe lyk dit of dit 'n kans het. Ek sê: "Nou moet ons *shortcut* terugvat basis toe, want ons kan nou nie ...

Want dit help nie om aan te gaan nie. Ons weet nie wat gaan aan met die weer nie. Maar daar's radiokontak met die basis...

V1: So julle't darem nie radiokontak verloor nie? Hulle' t geweet van julle?

A: Ja, want jy sê vir hulle jy bly nou – die weer is te sleg; ons sit daar. Toe gaan ons nou daai dag terug. Julle, nou die wind was iets verskrikliks! Ek belowe jou, ek sal dit nooit vergeet nie ... Dat ons so aanmekaar, ons haak so in bymekaar, dan kom die wind so 'Sj-o-e' ... Hy maak ... Hy waai jou net so om, dan's jy ónderstebo! Dit was iets verskrikliks.

V1: Ja, ek't gehoor dat die wind kan so hard waai dat dit rêrig mense kan omwaai.

A: Ja, hy het vir ons omgewaai – ek sê vir jou, plat. Dit was vir my 'n vreeslike ondervinding daai trippie. Eers vir Hennie, om hom uit te kry deur die nag, en toe weer terug na die basis toe. Ons het dit gemaak! En toe't ons weer 'n keer omgegaan ... Of ons het saam met ou Archie die eerste keer omgegaan ... Ja, maar ek het om die eiland gestap gekry.

V1: En op?

A: Boontoe was nog 'n ekspedisie. Toe't ons op tente die hele berge gevat hier op ... Want dis mos nooit twee dae na mekaar mooi weer nie. Nou besluit ons, maar ons wil nou hier opgaan; maar ons wag vir 'n mooi dag. Toe't ons nou eers werk gehad wat ons moes doen; toe kon ons nie daai dag toe dit mooi is, gaan nie. Nou sê ons maar dit sal nie weer môre mooi wees nie; daar is nie twee dae na mekaar mooi nie. Nee, daai volgende dag: pragtige weer. Ag, toe sê ons, nee, ons kan nie loop nie, want die weer gaan verander. Ons kan nie hierdie kans vat nie! En tog – die derde dag: hier's dit nog steeds mooiweer. Nou moet ons gaan, so op met die tente ... Ons het net tot daar by Tafelkop ... Tafelberg ... daar gekom, met die grys lawa. Toe slaan ons die tente op, toe slaap ons. Die volgende oggend gaan ons nou op, boontoe. Niks; mistig. Ons kon nie gegaan het nie. Ek het nooit bo uitgekom nie.

V1: Mariana – het sý bo uitgekom?

A: Ek kan nie ... Ek kan nie ... Nee, sy was saam ... Nee, die daai jaar nie. Toe's ons terug. Maar dis ... Julle, ... Ek sê vir jou, dis 'n ondervinding wat jy ... Ek sal dit nooit weer verruil nie. Want hulle sê vir my ja, hoe baie kon 'n mens nou hier doen?

V1: Toe julle nou terugkom by daai basis na daai vreeslike lang stap, wat was die eerste ding wat julle toe doen?

A: Stort!

V1: Was hulle darem bly om julle te sien?

A: Ja-nee, baie bly om ons te sien. Maar ek wil jou nou ook vertel daar was 'n Pool, 'n Chris Potrawiak. Nou snaakse dinge gebeur met mans se koppe ... Julle ... Waar was dit nou ... Daar's mos 'n midwinter, dan het ons vreeslike *parties*, en Kersfees ook maar, ..Chris was daar in die tweede span; hy was die diesel *mechanic* van die tweede span. Toe's ons mos nou weg, maar

ek weet, daai een slag – ek kan nie onthou of dit midwinter was, of waar nie – toe het hy nou ‘n gier gekry dat hy nou met my wil trou. Kom hy nou, nou sê hy vir my: “Marieta, will you married [sic] me?” Dan sê ek vir hom: “No, Chris! I don’t want to marry you.” En so’t hy nou aangegaan daai aand met “will I married him?” Toe sê ek: “No.” Ek wil hom nou nie *marry* nie. Daai volgende oggend, julle, nou maak , is ek... Ek is op badkamerdiens; ons maak skoon. Nou’s ek hier met die toiletborsel; ek maak toilet en goed skoon. *Next thing*, hier’s ou Chris in die badkamer se deur. Nee, *he’s “serious about last night”*; *he still wants to marry me!* Haai *shame!*

V1: Nou wat het jy gedoen om van hom ontslae te raak?

A: Nee, ek het net vir hom gesê: “Oh Chris, carry on.”

V1: Jy moet maar net aangaan ...

A: Maar hy’t my nogals gebel ... Want toe’s ons mos nou teruggekom, terug land toe, en hulle’s toe nog op die eiland en jy mag elke ... Ag, jinne, ek weet nou nie of ons elke Sondag of elke tweede Sondag, of wat *ever* nie, want daar was net... Hulle het jou mense hier laat weet jy gaan ‘n oproep kry en dan was daar ‘n tyd op die eiland wat jy nou kon bel. Kry het my ‘n paar keer gebel daar van Marion af.

V1: Foeitog!

A: En toe’t ek hom gesien ... Maar toe’s ek in Pretoria. Toe ek teruggekom het, het ek nie hier gebly in Bloemfontein nie; toe’t ek in Pretoria gaan werk. En toe’t ek hom nogals gesien in Pretoria. Maar ek weet ook nie wat het van dié ou siel geword nie ... Maar dit was nogals ‘n snaaksigheid vir my gewees, dié Kry het my wil trou, daar op die eiland. As jy geweet het hoe het ons gelyk ... So Kry het was redelik raadop dalk.

V1: Wil jy bietjie nou vertel van midwinter? Wat het julle anders as midwinter gedoen?

A: Midwinter is mos die kortste dag en die langste nag, ja. Ons het maar toe ek daar was, daai jaar het ons *pub crawling* gedoen! Elkeen het in sy werksplek ... het ons *snacks* gehad en *drinks*; ietsie gemaak om te drink. En so het elkeen nou ietsie te ete gehad en te drinke gehad. So’t ons getoer. Ons het by ons *lab* begin, want hy was die verste op, en toe’t ons so afgegaan na Jan Crafford se *lab* toe, en so’t ons so afgetoer tot onder by die bruin stoor. En ek dink dis daar by die bruin stoor, toe’t al die vodka dalk al vir Chris gewerk. Dis toe hy nou met die *marry* idee gekom het.

V1: En het julle boodskappe gekry van SANAE of ander basisse?

A: Ja, jy kry boodskappe. Maar weet jy, ons tyd was dit mos maar telekse.

V1: Want almal nooi almal mos na mekaar se midwinterfeeste en so aan.

A: Ja. En Kersdag was ‘n vreeslike etery. Ons het almal ... Almal het saam gespan in daai kombuis en ons het gekook dat dit gons. Ons het tafels gedek. Kyk hier, daar was ‘n oorvloed kos gewees

in my tyd. Die een wat gekla het, is rêrig waar ... hy is ... Ek weet nie ... kla onnodig, want daar is ongelooflike lekker kos.

V1: Het julle vars kos gehad?

A: Ons het gevriesde vleis gehad en gevriesde groente. En brood het opgeraak – brood moes jy bak – maar daar was baie, baie kos. Daar was oorgenoeg kos.

V1: Maar toe julle af is, het hulle nie vars vrugte of so saamgestuur nie?

A: Ja, as die skip kom dan is daar, maar dit hou ook nie baie lank nie.

V1: Nee, ek kan dink. En dis alles voorsien deur die Departement van Omgewingsake?

A: Als.

V1: En julle drank ook?

A: Ja, jy het 'n kwota gekry. Jy kon kies. Jy't 'n sekere klomp kaste bier gekry ... En dan het jy wyn gekry. En daai tyd was dit fantasties, want ons kon mos nie KVV-wyne in ons land kry nie en toe't ons KVV-wyn gekry, want jy's buite die land se grense.

V1: O!

A: Ja, dit was lekker wyn wat ons gekry het.

V1: Dit klink heerlik.

A: En dan het jy nog sjerrie ... Oe, lekker. Dan in jou yskas het jy 'n lemoensak gevat en draad ingesit en hom so aan jou vensterbank, so in jou venster gehaak. Dan sit jy jou goed daarin; dit is jou yskas.

V1: Ja, want dit maak lekker koud.

A: Dis baie koud!

V1: In terme van ander ontspanning, wat het julle gedoen as julle ... ?

A: Ons het nog ... Ons het video's gehad en dan was daar ... Watse films was daai?

V1: Rol-films?

A: Daai rol-films, ja.

V1: Daai 16 mm-films?

A: Ja ... Hoe groot ... ?

V1: Dis 16 mm.

V2: Die het nog die klank by.

A: Ja, hulle het klank bygehad. "Hawaii". Ag en as ons deur die video's was, dan't ons hierdie rolfilms. Dit was baie snaaks. En ons het baie *pool* ...

- V1:** Snoeker, *pool* ...
- A:** Ja, snoeker en *pool*.
- V1:** En het julle in SANAE of ander spanne oor die radio gespeel? Nie? Is julle ooit besoek deur ander skepe? Niks gesien nie?
- A:** Die enigste vreeslike opwinding was ysberge wat daar verby gekom het.
- V1:** O, oukei.
- A:** En dan die *killer whales* is natuurlik wonderlike goed.
- V1:** Het julle 'n paar van hulle leer uitken?
- A:** Ja, ja. Jy ken hulle naderhand aan hulle vinne.
- V1:** Net gou 'n laaste ding nog oor die basis ... Was daar, soos wat ek al foto's gesien het van ou basisse, foto's soos hierdie middelprent-foto's van die *Scope* of sulke tipe tydskrifte?
- A:** Ons het hulle nie by ons opgehad nie, nee. Ek glo hulle het ...
- V1:** Maar hulle het dit afgehaal of iets?
- A:** Ja.
- V1:** Oukei. Oor die katjagters ... Dit was nou die eerste span ... Wat was hulle doel gewees daar?
- A:** Hulle doel?
- V1:** Ja. Wat het hulle gedoen?
- A:** Hulle doel was om die katte uit te roei. Hulle het hulle fisies gaan skiet, met haelgewere.
- V2:** Nou was hulle opgeleide jagters gewees, of was hulle maar net mans wat lus was vir 'n geweer ... ?
- A:** Baie was studente van Tukkies (Universiteit van Pretoria) – was dierkunde-studente, want Marthan Bester het mos daar klas gegee. Baie was studente. Daar was een ou ... Hy was *strange* gewees. Hy was 'n huursoldaat van Frankryk.
- V1:** Wat was sy naam?
- A:** Sy naam was ... Sy van was DalGLISH, so 'n lang ou.
- V1:** So hulle het dan uit die basis uitgegaan en vir 'n paar nagte weggebly ... ?
- A:** Kyk hier, hulle het in die hutte om die eiland gebly. Dan bly hulle ... Jinne, ek kan nie mooi die tydperke ... Dan bly hulle sê nou maar vir tien dae daar. Ek het nie mooi die tyd nie, maar ek weet dan's hulle uit die basis uit, dan bly hulle nou daar. En dan moet hulle nou in hulle omgewing ... Want die katte is ... Jy sien nie 'n kat nie. Ek het twee keer vir die hele jaar wat ek daar was, het ek katte gesien. Hulle kom uit in die nag, die katte, om die ...
- V1:** Daar was nie katte by die basies wat hulle nou gevang het vir navorsing, of so nie ?

A: Nee.

V1: En dan ... net twee keer 'n kat gesien. En dan jag hulle nou in die nag?

A: Hulle gaan in die nag uit met ligte en dan het hulle die katte geskiet, want die katte het die voëls uitgeroei.

V2: En dan wat het hulle met die katkarkasse gedoen?

A: Hulle het hulle afgekook.

V1: En dan?

A: Hulle het die skedeltjies ... Hulle het ook van die kat- ... Ek weet nie, julle wil ... Mag ek hierdie goed vir julle vertel?

V1: Ja!

V2: Ja, ons wil dit weet.

A: Het hulle dit vir julle al gesê?

V1: Ja. Ek het dit al gelees ook.

A: Hulle het hulle ... Kyk, hulle het hulle oopgesny en dan het hulle soos die harte, en die lewers en pankreas ... Die pankreas is mos ... Al wat ek weet, hulle ... die pankreas gee jou adrenalien. Dit kom van die pankreas af. En daai katte se pankreas was baie groter as die gewone huiskatte s'n.

V1: Ja, ek hoor die katte self was ook groter as gewone huiskatte – korter sterte ...

A: Ja. Dan't het hulle hulle *skulls* ook gehou. Hulle het alles , so dis baie wetenskaplik , hulle moes als opteken.

V2: So dis alles wetenskaplik gedoen; darem nie net te gaan ... ?

A: Nee, dis nie net ... Maar hulle moes hulle uitgeroei het.

V1: Ja, natuurlik. En so ... Dan het hulle dit nou by die basis toe gedoen, die kokery?

A: Nee. Daar in die veld.

V1: Ja, van die velle weet ek is op by die kroeg. Het hulle nog van die velle vir julle teruggebring?

A: Nee, ek weet nie. In my tyd het hulle nie velle in die kroeg opgesit nie.

V1: En het van die katjagters sulke goed soos historiese artefakte en sulke soort van goedby die basis aangebring dalk?

A: Watse goed?

V1: Historiese artefakte – goed wat die robbejagters daar gelos het, of so.

A: Nee, hulle het nie aangebring ... Dit wat die robbejagters daar ... Daar was grotte ... Daar was ou gewere en daar was 'n pistool en goed – dit was in daai grotte gewees en dit het ons daar gelos in die grotte. Ons het dit nie uitgedra nie. Het hulle dit later aangedra basis toe?

- V1:** Wel, dis nie meer daar nie.
- A:** Is dit nie meer in die grotte nie?
- V1:** Dis hoekom ons vra ... Het die katjagters nie, na julle bewussyn, enige soeweniers gevat, of so nie?
- A:** In my tyd nog ... Ek het nog foto's van daai goed wat hulle in daai ... Daar was twee grotte by ... Wat is daai plek ... ?
- V1:** Macci (Macaroni) Bay? Met die amfiteater?
- A:** (Ja.)
- V1:** Ja, daar. Ek's nou nie seker wat die plek se naam is nie, maar ek was daar gewees.
- A:** Ja. Nou daar ... Ek het nogal foto's geneem in daai ... van daai goed wat daar lê, in die grot.
- V1:** Ja. Van die goed lê nog daar, maar nie ... Blykbaar is daar al 'n klomp goed weggedra.
- A:** Nee, hulle het nie – wat ek van weet – iets saamgebring nie.
- V1:** Maar as die katjagters nou basis toe kom?
- A:** Jig, man. Dan vreet hulle vir ons uit daai plek uit.
- V1:** En dan drink hulle seker ook 'n skoot?
- A:** Hulle drink en hulle eet en hulle raas. Maar jy kan dit seker maar verstaan. Hulle's nou daar ... Daai veld, sit hulle all by themselves.
- V1:** So daar was maar 'n redelike ding van 'daar's die katjagters en hier is die span'?
- A:** Ag, ek weet nie, ek dink nogals nie met almal nie. Maar dit was nie vir my lekker ... hulle het maar ... dit het lawaai. Maar, ag, dit was ook nie só erg nie. Maar dit was vir my lekkerder toe ons net min was en rustig was. Ons het nooit vreeslike probleme gehad nie. Nie daar was nooit 'n stryery en bakleiery en 'n gedoente nie. Nee wat.
- V1:** Maar hulle het maar teruggekom en hulleself geniet voor hulle weer uitgaan?
- A:** Ja. En as jy nou nie lus is vir hulle nie, dan't jy nou na jou *lab* toe gegaan of kamer toe gegaan, dan gaan jy maar weer daar aan.
- V1:** In terme van konflik op die basis tussen die twee spanne ... in die algemeen ...
- A:** Daar was nie ... Ons het nie...
- V1:** As daar wrywing was, wat het dit veroorsaak? Of irritasies was ...
- A:** Dis maar omdat hulle so oorgeneem het as hulle daar gekom het.
- V1:** Maar tussen die span self, toe julle nou oorwinter het?
- A:** Nee, nee wat.

V1: Die winter ...

A: Ons het nie regtig konflik gehad onder die ... Kyk hier, hulle het jou maar geïrriteer, maar dan het jy maar net geloop. Maar ons het nie ... nooit ...

V1: Het hulle help skoonmaak aan die basis?

A: Ja. Ja-ja, as hulle daar was, dan het hulle skoongemaak. En hulle moes kosgemaak het ook.

V1: Nou watter soort kos het die katjagters gemaak?

A: Ja kyk, hulle het ook daai kookkursus gemaak ... gehad. Party maak maar vaal kos, jong. Daar was so 'n Engelsman – hy druk net die hoender in die oond in en dan kry jy daai droë stukke hoender daaruit.

V1: Nie eens 'n ou pepertjie nie!

A: Ja, hy't nie vreeslik planne gehad nie. Maar ag nee hulle maak maar kos.

V1: Wat het hulle met hulle gewere gedoen as hulle basis toe kom?

A: Ek kan nie onthou nie. Ek weet nie.

V2: Dit het seker nie net daar rondgelê op die basis nie vir enigeen om te vat nie. Hulle het dit seker ...

A: Nee. Maar weet jy, daai goed het ons maar nie eers gepla nie. Nou ...

V2: Ekskuus.

A: Maar dis haelgewere ...

V2: Nou hoe het dit gewerk? Was daar genoeg blyplek en beddens en kamers gewees om hulle ook ...

A: Ja, ja.

V2: So as hulle nou nie daar is nie, dan staan daai kamers leeg?

A: Ja.

V1: Nou nog iets: wat maak werk maklik op Marioneiland?

A: Wat maak werk maklik?

V1: (Ja.)

A: Kyk, navorsing – uit my oogpunt uit. Dis 'n absolute unieke omgewing. Dit is ... jy kan jou eie inisiatief gebruik. Ek wat nou met aparate gewerk het, jy moes nou maar self planne gemaak het as daai dingstukkend geraak het om hom weer te *fix*, want daar's nie ... Kyk, baie keer het ek gegaan na ou André toe, of iemand wat nou van elektronika iets geweet het as ek iets fout gehad het. So jy moet nou maar self jou eie potjie krap en jou eie goed doen. Maar dit is regtigwaar 'n wonderlike plek om navorsing te doen. Die omgewing ... Jy kan werk tot in die

nag; jy hoef nie bang te wees iemand gaan jou oor die kop slaan nie. Dit was net 'n fantastiese geleentheid gewees, en ondervinding.

V1: Wat maak werk moeilik? Wat is die uitdagings?

A: Moeilik is dit maar – as jy buite werk – die weersomstandighede ... En, soos as ek nou met aparate en goed gewerk het, jy moet self die goed *fix*. Daar's nie 'n manier dat jy kan Elektronika toe gaan en sê: "Hierdie ding is stukkend. Maak reg!" nie. So dit, maar dit leer jou. Dit leer jou om planne te maak om self iets te doen ... Want deesdae se mense kan nie meer nie. Hulle is té gewoond hulle hol net, hulle gaan maak reg.

V1: So is dit wat jy sou sê, dis wat mens leer op Marioneiland?

A: Ja.

V1: Wat leer mens nog baie?

A: Jy leer jouself baie goed ken. Jy leer om ... hierdie 'gevoorgee-ery' wat jy altyd het ... Ag nee wat! Daar bestaan nie so iets op Marion nie. Jy leer mekaar op die been ken.

V1: So en watter manier leer mens jousélf ken?

A: Jy staan daar op ... Kyk hierso, jy's baie alleen en daar's nie baie dinge wat jy jou mee kan vermaak nie, so jy moet ... en jy moet kan *cope*. En ook, daar is mense wat jou ... wat nie in jou ... wat jy nie baie van hou en doen nie, maar jy moet leer jy moet met daai mense oor die weg kom, want dis nie jy klim nou in jou kar en jy ry na jou huis toe nie ... Jy sit daar saam op daai basis. Nee, jy leer om konfliktsituasies ook te hanteer. Jy leer om mekaar te aanvaar. Jy is nie almal dieselfde nie; jy hou nie almal van dieselfde goed nie. Jy hou nie van dieselfde musiek nie. Maar as daai ou ... nou sy beurt is om musiek te luister, dan moet jy maar luister daarna.

V1: En was jy ooit bang gewees op die eiland?

A: Nee.

V1: Selfs nie toe julle nie die Watertunnel hut vind nie?

A: Nee, jy's maar bietjie benoud, maar nee.

V1: Dan, iets heeltemal anders ... Toe julle nou weg is Marion toe, toe was Suid-Afrika in 'n noodtoestand gewees. Toe julle terugkom, het iets vir julle verander? Hoe was dit om terug te kom ... het julle, wat in Suid-Afrika aan die gebeur was in die 1980's. Was julle bewus daarvan op die eiland?

A1: Nee. Nee, ons was nie eintlik bewus daarvan nie ... Nee jong, daar ... Omdat dat ons nie so verskriklik ... Jy weet, jy't nou net so hier en daar met een oor die telefoon gepraat en ... die fakse en die telekse gestuur. Ons het nie so baie die nuus en die goed gehoor nie. Ons het ook seker so hier en daar, maar ...

V1: Niks wat 'n impak gehad het nie?

- A:** Nee.
- V1:** En toe julle terugkom? Wat was in Suid-Afrika anders?
- A:** In '86 ... Ons het '86 gegaan en '87 teruggekom ... Dit was nie so verskriklik anders vir my nie.
- V1:** Nie?
- A:** Nee wat. Al wat ek vir jou kan sê wat vir my vreeslik was, was toe ek nou in 'n kar klim en toe ry daai kar vir my vinnig, hoor! Want jy's daar die heelyd 'per poot'! Jy's nie gewoond aan spoed nie! Nou ry daai arme mens net 30 km per uur, dan sê jy: "Stadig nou, ons gaan vreeslik vinnig!" Nee, dit is nou op 'n ligte luim, maar nee, ek kon nie juis aan die politieke situasie ... Ek ... Nee wat.
- V1:** Jy was maar nie baie bewus daarvan gewees nie?
- A:** Nee, ek was nie baie bewus daarvan nie. Maar ek's ook nou nie een wat vreeslik ... Deesdae kan jy nie anders nie, maar daai tyd was ek nie vreeslik oor die politiek gepla nie.
- V1:** En wat mis mens op Marioneiland?
- A:** Weet jy, ek mis daai verskriklike mooi, skone plek en rustigheid. As jy darem daar loop ... Kyk, die weer dis koud en ... Maar dit is wonderlik. Uit, buite, niemand om jou nie, net 'n paar mensies wat jy weet daar rond is.
- V1:** En toe jy op Marioneiland self was, het jy iets gemis van die huis?
- A:** Van die huis ... ?
- V1:** Van Suid-Afrika.
- A:** Jy mis maar jou familie en vriende, maar jy't mos geweet, jy kom weer terug. Dis nie vir ewig wat jy daar sit nie.
- V1:** En die aanpassing terug? Behalwe dat alles vinnig is?
- A:** Nee, nie juis gesukkel wat, jy gaan maar net weer aan. Wat wel ... Ek sê vir jou nou ... Wat 'n mens nogals daar ... Jou háre – dit lyk naar. Jy lyk naar naderhand, maar niemand kom agter nie die ander een lyk nou aaklig nie, want ons lyk maar almal so. Jy degenerereer so saam ...
- V2:** En toe jy toe nou terugkom met dié hare?
- A:** Nee, jy't dit laat sny – onmiddellik ... Die tweede dag, toe ek nou by die *hairdresser* kom, toe sê ek: "Maak reg!"
- V1:** Jou hare was seker lekker gesond gewees?
- A:** Ja.
- V1:** Met al daai natuurlike olies ...
- A:** Ja. Maar jy't hulle nou maar net so afgeknip.

V1: En die mans ... Het hulle hare en baarde laat groei?

A: Baarde en hare. Hulle het *golliwocks* gelyk.

V1: En toe julle terugkom by die kaai, was daar pers gewees? Was daar koerantonderhoude met julle gewees?

A: Voor ons gegaan het, was daar, maar toe ons teruggekom het nie eintlik nie.

V1: So voor julle gegaan het, kan jy onthou wie het almal met julle onderhoude gevoer?

A: Haai nee, dit kan ek nie als onthou nie!

V1: Maar dit was nie soos *Die Huisgenoot* nie?

A: Nee. Dit was maar net koerante ... *Die Volksblad*.

V1: En die televisie?

A: Nee. Toe't hulle mos nou hier – wanneer ... watter jare? – het hulle mos hierdie Antarktiese ding gehad in die Kaap. Watter jaar was dit ... ?

V1: Was dit 'n ... ?

A: Ag nee toemaar. Trek dit terug. Sam weet ook daarvan.

V1: Ek sal by hom hoor.

A: Ja. Hulle het so 'n hele televisie-besigheid daar gehad. Maar hulle meer, het toe maar meer gefokus op die eerste Swartes.

V1: O ja. Daar's huidiglik ook 'n aantal televisieprogramme oor Marion.

A: Ja, daar's al baie ... Dis die eerste keer omtrent wat hulle nou bietjie Marion wys op die televisie. Baie mense weet nie eers waar dit is nie.

V1: Sou jy sê daar is 'n toename in die blootstelling wat Marioneiland wat deesdae heers?

A: Ja. Ek glo dit, ja..

V1: En in hoe 'n mate was jy betrokke gewees by Marioneiland nadat jy teruggekom het?

A: Nee, niks weer nie.

V1: Niks?

A: Op aarde niks. Ek het nooit niks ... Niks mee te doen gehad nie.

V1: Sou jy graag wou teruggaan?

A: Ek sou bittergraag ... maar nie vir 'n jaar nie.

V1: Maar vir 'n oornam?

A: Ek sal baie graag weer wil gaan! Ek sal baie graag weer wil gaan, hoe lyk dit. Ek het ook die geleentheid gehad om oor te gaan na Prins Edwardeiland toe ...

- V2:** Vertel ons bietjie meer daarvan.
- A:** Toe hulle saam met Valdon Smith en Norman Pammenter van Natal. Hulle wou 'n opname gaan doen het oor die *alien* plante, om te kyk of dit toegeneem het of wat ook al. Toe't ons gegaan ... Hoeveel was ons?
- V1:** Was Mariana ook saam?
- A:** Mariana was ook saam, ja ... Was sy nou saam? Was sy nou nie saam nie? Ek kan nie onthou nie. Ek kan nie lekker onthou nie. Maar ons het daar die *chopper* het ons daar afgelaai en ons het in die middag ... Dit was in die middag gewees, sê maar so twee-uur. Toe het ons die middag geloop en 'ge-opname' en ons het ons tentjies opgeslaan. Dit is maar koud. Toe's ons weer terug in die ou tentjies en in daai nag het dit begin reën en begin aaklig raak, die weer.
- V1:** En het julle tente waterdig gebly?
- A:** Darem. Maar jy kon nie roer uit daai tent uit nie. Jy't daar gesit ... En ek weet ek was saam met ou Norman Pammenter in die tent. Hy's mos 'n ou *proper* Engelsman. Nou het hy my Engelse woorde geleer ... hoës: "a voluminous cloud of smoke is emanating from the room" ... Oe, mense ... Ek sal dit nooit vergeet nie! En dan ... Ek sweer, jy't net daar uitgekruip as jy 'n nood het ... Die ou lampie het met batterye gewerk ... het ons hier gehang en dan't jy hom nou weggehou van die tent af (en) jy't die toiletrolletjie daar af, agter hom, ingedruk. Dat hy nou teen die tent want netnou slaan hy aan die brand. Dan haal jy nou die toiletrol daar uit ... En die toiletrol, dis 'n *luxury*, want hy's 'n bietjie warm ...! O hel, nee, ons het ook snaakse goed ... Maar in elk geval, ek kan nie onthou nie ... Ons het toe nou daai volgende dag daar gesit – die *chopper* kon nie land nie. En die volgende dag, toe's was daar so 'n kansie, toe't hulle ons kom haal. Maar ons het niks weer verder gestap nie. Maar dis baie mooi daar. Daar's baie meer albatrosse gewees. Dis baie mooi.
- V1:** Daar's mos nie muise nie?
- A:** Nee, daar's nie muise nie. En daar's *genuine* ... daar's baie meer albatrosse. Maar dit moet jy maar vir voëlmense vra.
- V1:** Was daar nog Gentoos gewees? By Gento Lake. Langs die basis.
- A:** Ja. Daai klein, daai ander pikkewyntjies.
- V1:** Ja, daai skamerige pikkewyntjies.
- A:** Ja. Is daar nie meer nie?
- V1:** Nee.
- A:** Regtig?
- V1:** Ons probeer ondersoek wat...
- A:** Kom hulle glad nie meer nie?

- V1:** Nee, hulle kom glad nie meer naby die basis nie.
- A:** My jinne.
- V1:** Daar's nou net af en toe 'n koningpikkewyn dat daar speel, maar daar's maar meestal net robbe.
- A:** Ja. Ek sweer daar was nog ... Jy moet vir Mariana ook vra...
- V1:** Ek sal haar vra; ek sal vir almal vra!
- A:** Ek dink daar was nog ... Wat het die ander klomp gesê?
- V1:** Tot dusver het almal gesê daar was nog.
- A:** Daar was nog. Daar's die mooiste sonsondergange gewees. Dan weerkaats dit so in daai Gentoo Lake. Dit is baie, baie mooi – so pienkrooi. Ek kan dit ook mooi onthou.
- V1:** En beskryf Marioneiland ...
- A:** ... Dis groen, hoor. Almal dink dit moet vaal wees ... Dis baie mooi groen. En dis ... ja, sonder bome; wind waai ... En ou Juniorkop is ook 'n baken wat 'n mens diep ... As jy aankom ... As jy daar by die basis is, wat jy sien. Dan natuurlik in die winter is dit gesneeu in my tyd – ek weet nie hoe die aardverwarming ... Is dit nou anders nie?
- V1:** En Juniorskop? Het julle die Juniorskop-bultjie geklim?
- A:** Ons het, ja. Daai krater gekyk ... Dis 'n groot krater daai bo-op Juniorskop.
- V1:** Het julle geswem?
- A:** Ek het nie daar geswem nie. Ander manne het geswem daar! Jirre, dan was dit warm – 17°C¹ ... Ons het uitgebak! Toe't ons gaan swem.
- V1:** Waar?
- A:** Ek kan nie onthou watter meertjie was dit nie ... Dit was toe ons teruggekom het van die een of ander *site* van Mariana af. Jisso, toe's dit vrek warm. Toe swem ons daar. Daai water is 2 °C.
- V1:** Maar julle het seker nou nie bikini's saamgevat nie? Waarmee het julle geswem?
- A:** Wat het jy nou nodig?! Jy's mos maar *all by yourself* op daai plek!
- V1:** Nou hoe voel jy oor toerisme?
- A:** Nee, ek sal dit glad nie voorstaan nie.
- V1:** Hoekom nie?
- A:** Nee, 'n mens is 'n ding wat als bemors. Hulle is ... mors, bemors en ... doen alles. Soos nou reeds daai ou robbejagters se goed – daar's dit nou al weer weg, van die goed. Nee, hulle kan

ook nie hande van die goed af hou nie. Ek het nou die dag op Tafelberg op ... Daar is plekke waar hulle stukke klippe afkap van die berg af om nou seker 'n

V1: Dis bietjie absurd.

A: Ja! Dit lyk verskriklik. Dit is ... Daai klip ... Jy weet, dan kap hulle dit ... ? Nou dink nou hoe sou Marion lyk.

V1: En hoe belangrik dink jy is Marion vir wetenskap?

A: Kyk, dis baie belangrik vir die weer en ook vir ons in ons rigting.

V1: Plantkunde?

A: Nee, dis ongerep en 'ge-alles'. Daar kan jy alles mooi sien hoe dit eintlik moes gewees het; hoe dit was.

V1: En vir Suid-Afrika? Hoe belangrik is dit dat Suid-Afrika 'n basis daar volhou?

A: Die basis op Marion?

V1: Ja. Hoe belangrik is dit dat Suid-Afrika 'n program daar *run*?

A: Nee, ek sou sê dis vir my, dis 'n belangrike plek om te hê. En die eiland self ook, want kyk, die ou jare ... ou Generaal Smuts het hom mos ... Ken jy daai geskiedenis? Dat hulle gesê het hy annekseer hom, want anderste kan hulle Suid-Afrika daarvan af bombardeer. Maar deesdae is die wapen so ... Ek dink nie meer in terme daarvan is hy belangrik nie, maar ek dink vir die weerstasie en die navorsing ... En... julle dis baie belangrik daai werk wat die robbe en die goed doen nou vir die aardverwarming, want hulle ... kyk na die strome.

V1: ... Hulle sal dit daar kan 'aflees', kan ek amper sê.

A: Ja.

V1: *They can read from that environment.*

A: Hoe lyk dit nou, die temperatuur? Ek het gehoor die temperature gaan op.

V1: Toe ek daar was, laasjaar, was daar miskien vier dae met regtig slegte weer, met die oorname.

A: Rêrig?

V1: Ja. Of ek kan die dae nie so goed onthou nie, maar toe ek om die eiland gestap het – en dit was 'n nege-dagstap gewees – toe was daar één dag wat ons rêrig slegte weer gehad het.

A: Rêrig?

V1: Die res was bewolk, maar ook nie eens dat dit noodwendig so baie reën nie.

A: Haai jinne ...

V1: En volgens die mense wat daar was saam met my, is die *mires* droër, ensovoorts. Maar ek kan nou nie meer opinie as dit gee nie; dis nou nie my agtergrond ...

- A:** Ja, want jy weet nou hoe dit was.
- V1:** Ja. En dis ook nie my agtergrond nie, so ek kan nie rêrig sê nie. Die ysplateau het ook heeltemal verdwyn.
- A:** Dit glo, ek kan dit glo.
- V1:** Maar dit het ek ook gehoor by 'n gletserkundige wat saam was.
- A:** Want ek sê vir jou ... as ons ... Soos daai kere wat ons drie dae na mekaar mooiweer gehad het – dis 'n uitsondering. Jy kry dit net nie. As jy uitgaan die oggend, dan is dit altyd koud, maar dan skyn die son. Dan loop jy 'n uur, dan kry jy daai ysreën. Die weer verander – hy verander verskriklik vinnig. Nou nie meer nie ...
- V1:** Die weer verander nog steeds baie vinnig, maar die ...
- A:** Maar dis nie so sleg nie.
- V1:** Ja, wat ek kan onthou in elk geval.
- A:** En die wind?
- V1:** O nee, die wind was nog altyd erg. Nee, ek het die ysreën gehad en al daai goed, maar ek kan net onthou... Ons as span was dalk baie gelukkig gewees, maar die dae wat ek wel gestap het, was dit nie so sleg nie. En ook toe ons ... Ons was op boontoe gewees, by die hut daarbo, bo Kattedraalkrans. Die hut was nie daar gewees nie, was hy? Kattedraalkrans, in die binneland. Wanneer is daai hut daar gesit? Was hy in julle tyd al daar?
- A:** Nee.
- V1:** Maar in elk geval, toe't ons tot bo geklim op die piek. En dit was blou, blou lug. Soos in die Vrystaat op 'n helder somer dag.
- A:** Jinne julle is gelukkig!
- V1:** En wat sal jy sê is jou gunsteling deel van Marioneiland? Is daar ... ?
- A:** ... 'n gunsteling deel? Nee, die hele plek is pragtig.
- V1:** Oukei.
- A:** Maar daai een ... Daar by Rooks...? Daar waar die ... Daar's mos sulke gate wat die ... wat hulle noem *blow holes* ... En dan's daar mos daai grot ...
- V1:** Ja, met die robbe in ...
- A:** Ja. Dit is baie, baie mooi. Was julle in daai grot in?
- V1:** Ek was in die grot, ja.
- A:** Ja, dis mooi daar.
- V1:** Ja, dit is besonders.

- A:** Ja, daai plek is vir my baie mooi. En dan natuurlik daar waar die Amfiteater is met daai klomp pikkewyne ... Ek kan nie eers al die name van die plekke onthou nie ... Daar was so 'n plekkie net so naby (die) basis, maar nie Trypot se kant toe nie, die ander kant toe ...
- V1:** Ship's Cove?
- A:** Ship's Cove – dis net so mooi daar.
- V1:** Ja, dit is mooi.
- A:** Dis pragtig daar. Maar jy ken die plek al beter ...
- V1:** Maar ek was meer onlangs daar, dis maar al.
- A:** En dan is ou Boot Rock ... Dis so 'n unieke stuk klip daar in die see
- V1:** Hoe sou jy sê het jou jaar op Marion jou beïnvloed? Het dit jou verander?
- V2:** Persoonlik en professioneel?
- A:** Nee, dit is maar net, jy het nie meer vreeslik pretensies nie. Kyk, hierdie 'ge-...' Nee. Jy leer daar om ... Dít is wat jy is en dis dit.
- V1:** En wat dink jy is die rede hoekom hulle tien jaar later eers vrouens oorgestuur het?
- A:** Nee, ek weet nie.
- V1:** Het julle enige spesiale *directive* gehad? Het julle die Minister ontmoet, of so 'n tipe mens?
- V2:** ... Een of ander amptelike persoon wat vir julle gesê het julle moet dít doen, maar julle moenie dít doen nie ... So iets.
- A:** Die leier ... Kyk hier, jy kry ... Ek weet nie ... Ek dink net dis deesdae baie moeiliker met die spanne wat nou afgaan, want dis nou ... Met ons was dit net mans en vrouens, maar ons is almal dieselfde kultuur ... Dan's daar 'n paar Engelse ... Dis die vreeslikste 'verskillendheid' wat jy gehad het. Maar ek dink deesdae is dit moeiliker. Ek weet nie; ek weet nie.
- V1:** Maar wat ek bedoel ... Daar was nie 'n spesifieke ámptelike ding daarvoor gewees dat julle vroue was nie? ...
- A:** Nee.
- V1:** Wat jy van weet nie ...
- A:** Nee.
- V1:** ... Behalwe nou natuurlik die vrae wat hulle julle vooraf gevra het in die sielkundige toetse.
- A:** Nee, want kyk, ons ou klomp lede ... spanlede ook ... Hulle het jou gerespekteer as vrou, maar jy was kollega vir hulle. Dis dit.
- V1:** Miskien 'n laaste ding: dink jy dit sou moontlik wees vir 'n vrou om alleen 'n jaar daar te bly saam met mans?

A: Dit hang baie af hoe sy is ...

V1: Dis maar persoonlikheid, eerder as geslag?

A: Ja.

V1: Oukei. Enige iets anders?

A: Dit was net 'n wonderlike ondervinding, dis al wat ek kan sê. Dankie julle.